

HOOFSTUK 11: Hoe om teelwaardes te gebruik om vleisbeeste te selekteer

Helena Theron
SA Stamboek, Pretoria-kantoor

INLEIDING

As jy eers onlangs begin het om vleisbeeste te teel, is dit moontlik dat teelwaardes jou oorweldig het. Sommige rasse ontvang tot 18 teelwaardes. Wat beteken dit en is sommiges belangriker as ander? Die seleksie van diere op teelwaardes is, in werklikheid, baie maklik, as jy eers weet hoe. Die sleutel is om jou huiswerk te doen voordat jy diere selekteer.

Sekere dinge wat jy oor genetika behoort te weet

Daar is 'n gesegde, "goeie voeding kan slegte teling verberg", wat baie waar is. Jy kan nie 'n dier sommer net een kyk gee en besluit wat sy genetika is nie. As hy goed gevoer is, sal hy goed lyk, maar hy kan geneties minderwaardig wees. Dit impliseer dat hy – en sy nageslag – baie kos en versorging nodig sal hê om goed te lyk. Dit maak dus meer sin om eerder 'n dier wat geneties superieur is te koop, aangesien dit meer winsgewend sal wees. Sy superioriteit sal ook na sy nageslag oorgedra word. Die algemene idee is om eerder diere te teel wat geskik is vir jou omgewing, nie om voortdurend die omgewing te verander om die dier te pas nie, aangesien dit 'n baie duur oefening kan wees. Die gebruik van aangepaste diere is ook die regte ding om te doen uit 'n dierewelsynsoogpunt.

Die rede hoekom ons na teelwaardes moet kyk om te weet hoe die bul gaan teel, is omdat die effek van die omgewing, en voer, so belangrik is. Die enigste manier om "die omgewing uit te kry" is die wetenskaplike manier, wat prestasiemeting onder gekontroleerde omstandighede en volledige stamboom-aantekening behels. As jy nie prestasiemeting behoorlik en akkuraat doen nie, sal jou diere nie bruikbare teelwaardes kry nie. Wanneer jy dus stoetdiere koop, moet dit by 'n teler wees wat prestasiemeting op sy diere doen, en teelwaardes ken en verstaan.

Nog 'n belangrike faktor is dat genetiese verandering 'n langtermyn-onderneming is: die effek van die bulle wat jy vandag koop, sal nog vir baie jare in die trop gevoel word. As hy 'n goeie keuse is, sal sy dogters jou toekomstige kuddekoeie word, en sodoende 'n deel van jou wins. Dus, moenie 'n gelukspakkie-bul koop nie: een waarvan jy niks weet nie, en jy maar net hoop vir die beste. Selfs al is die bul wat jy koop nie perfek nie, as jy weet wat sy tekortkominge is, kan jy dit hanteer deur hom op gepaste koeie te gebruik.

Teelwaardes

Teelwaardes word ook uitgedruk as indekse, wat baie maklik is om te interpreteer en te gebruik. Die gemiddelde teelwaarde-indeks van lewende diere in die ras is gestel op 100. Meer as 100 beteken dus dat die dier beter as rasgemiddeld is. 'n Waarde van byvoorbeeld 120 vir speengewig dui op 'n kalf wat die genetiese potensiaal het van 20% swaarder as die gemiddelde kalf. Teelwaarde-indeks dui genetiese potensiaal aan, maar hoe swaar die dier in werklikheid sal wees, word bepaal deur die hoeveelheid voer wat hy kry. Maar as jy twee kalwers het, een met 'n indeks van 120 en 'n ander met 'n indeks van 80, wat saam op dieselfde plaas aangehou word, sal die 120-een beslis swaarder wees. 'n Laer geboortegewig is oor die algemeen meer wenslik, aangesien geboortegewig die vernaamste oorsaak van moeilike geboortes is. 'n Indeks vir geboortegewig van meer as 100 dui dus op 'n ligter kalf.

Let daarop dat, alhoewel meer as 100 op die meer gewenste rigting dui, dit nie beteken dat alle teelwaarde-indeks maksimum moet wees nie. Vir sommige eienskappe, byvoorbeeld geboortegewig en volwasse gewig, is gemiddeld inderwaarheid die mees gesogte.

Nog 'n feit wat in gedagte gehou moet word, is dat eienskappe aan mekaar verbind is, wat beteken dat jy nie net op een eienskap behoort te selekteer nie. Deur byvoorbeeld net vir 'n maksimum speengewig te selekteer, sal geboortegewig verhoog, wat moeilike geboortes sal veroorsaak, en ook volwasse gewig verhoog, wat kan lei tot koeie met 'n groter bouvorm, wat ondoeltreffend onder sekere omstandighede kan wees.

Tabel 1: Voorbeeld van 6 Bonsmarabulle te koop in 'n verkoopskatalogus.

Nr	DIREKTE KALF-EIENSKAPPE		DOGTER-EIENSKAPPE			GROEI		DOEL	REP	METINGS		
	Nageslag Geboortegewig	Nageslag Speengewig	Kalwings-gemak	Melk-prod.	Volwasse gewig	Naspeen-gewig	Daaglikse toename	Voer-omset		Hoogte & Lengte		
	Teelwaarde-indekse											
	Geboorte Dir Akk	Speen Dir Akk	Geboorte Mat Akk	Speen Mat Akk	Volwasse Gewig Akk	Naspeen Akk	GDT Akk	VOV Akk	Skrotum-omtrek Akk	Hgt Akk	Lgt Akk	
	Gewig kg	Gewig kg	Ind	kg	kg	kg	365d Ind	540d Ind	Ind	Ind	(mm)	
1	94	105	99	84	85	103	88	87	101	86	92	A
	1.24	12.8	0.08	-0.6	-10.0	17.8	29	-25	8.3	-7	4	B
	81	75	65	67	43	57	50	17	53	53	52	C
	37	224	100				112	107	-	-	-	-
2	111	89	90	106	78	89	76	67	82	88	82	
	-0.68	5.4	0.46	5.1	-17.0	8.0	-26	7	-2.5	-6	-6	
	80	73	62	63	23	47	33	8	36	37	36	
	31	181	91				98	97	-	-	-	-
3	86	109	94	111	110	110	110	104	107	106	117	
	2.13	15.2	0.29	6.5	17.0	22.9	123	-51	11.7	6	27	
	81	74	54	65	38	58	45	17	49	50	46	
	40	229	108				98	97	-	-	-	-
4	97	110	91	110	104	113	116	111	107	123	112	
	0.90	15.5	0.39	6.2	11.0	25.3	148	-63	11.9	18	23	
	80	70	62	61	38	50	45	23	40	40	48	
	36	238	108				108	109	-	-	-	-
5	97	100	106	107	105	100	107	104	108	110	109	
	0.96	10.3	-0.22	5.3	12.0	15.9	110	-51	12.4	9	20	
	81	73	62	63	34	47	45	23	45	40	45	
	36	197	101				101	96	-	-	-	-
6	102	109	85	108	90	106	107	100	91	104	117	
	0.34	14.8	0.64	5.8	-4.0	19.8	111	-46	2.3	5	28	
	81	74	55	65	43	55	45	17	43	48	47	
	35	258	108				91	106	-	-	-	-

In Tabel 1 word die inligting van 6 bulle in 'n verkoopskatalogus getoon. Die teelwaarde-indekse van die bulle (byvoorbeeld Ry A) en die akkuraatheid van die teelwaarde (Ry C) word in die seleksie van bulle gebruik. Die akkuraatheid dui op die hoeveelheid inligting wat beskikbaar is vir teelwaardeskatting. As dit meer as 80% is, is die teelwaarde op 'n groot hoeveelheid inligting gebaseer, maar as dit minder as 30% is, is dit nie baie betroubaar nie, en kan dit baie verander soos wat nuwe inligting vir teelwaardeskatting gebruik word. Ry B kan ook gebruik word, maar dit dui op teelwaardes wat moeiliker is om te interpreteer as die teelwaarde-indekse. Die inligting in Ry D dui slegs aan of die dier vir 'n spesifieke eienskap gemeet is. Dit kan hoegenaamd nie gebruik word vir enige seleksie nie, aangesien dit hoofsaaklik die omgewingseffek weerspieël en nie die genetiese effek nie.

Hoe om teelwaardes te gebruik

As jy byvoorbeeld 'n teelbul op teelwaardes wil koop, moet jy 'n paar eenvoudige stappe volg. Die eerste en belangrikste is om te weet wat jy wil hê. Dit wat jy wil hê, word hoofsaaklik deur drie faktore bepaal: Wat wil jy met die bul se kalwers doen? Hoeveel voer het jy? En wat is die genetika van jou koeie?

Wat wil jy met die kalwers doen? Jy kan byvoorbeeld 'n paar van die kalwers as speenkalwers aan 'n voerkraal verkoop, of jy kan plaasvervangerkoeie teel vir jou ouer koeie wat die trop verlaat. As jy van plan is om stoetbulle te verkoop, moet jy besef dat dit 'n baie gespesialiseerde gebied is, en sal jy prestasie-meting en teelwaardes behoorlik moet bestudeer. Net die beste bulle behoort stoetbulle te word. Nógans sal ons sien dat nie alle bulle dieselfde hoef te wees om die beste te wees nie.

Hoeveel voer het jy? Die hoeveelheid voer bepaal die liggaamsbou wat die beste sal doen. As jy baie voer van 'n goeie gehalte en teen 'n redelike prys het, sal diere met 'n groter bouvorm waarskynlik meer winsgewend wees. As jy die diere grotendeels op die veld gaan hou, sal medium-geboude diere waarskynlik beter wees. In swak/moeilike omgewingstoestande kan kleiner-geboude diere selfs beter wees, maar kies dan eerder 'n kleiner-geboude ras, sodat goed-aangepaste, sterk, kleingeboorde diere geselekteer kan word, en nie diere wat klein gebou is omdat hulle swak is nie.

Wat is die genetika van jou koeie? Is hulle dalk die verkeerde liggaams-grootte? Of het hulle nie genoeg melk nie (jy kan dit in hul teelwaardes sien)? Of miskien is jy op soek na 'n bul om te gebruik op jou verse. Is hulle stoetdiere of kruisgeteelde koeie? As hulle stoetdiere is, sal hulle teelwaardes hê, en sal jy met groter sekerheid weet wat hul genetiese vermoëns is.

Stel 'n teeldoelwit

Gebruik die bogenoemde om te besluit watter tipe bul die beste op jou plaas sal pas. Gestel, byvoorbeeld, dat ons die volgende 3 bulle benodig:

Bul 1: 'n Bul met goeie groei om op 'n trop kruisgeteelde koeie te gebruik; hulle sal in die kamp met die goeie gras teen die rivier wei en ook 'n bietjie oesreste kry. Die kalwers sal almal aan 'n voerkraal verkoop word. 'n Groot bul met goeie groei sal dus die beste wees. Belangrike teelwaarde-indekse is Speengewig, Gemiddelde daaglikse toename (GDT) en Voeromsetverhouding (VOV), wat almal so hoog as moontlik moet wees. Naspeengewig, Volwasse gewig, en Hoogte en Lengte sal ook aanduidings van die algemene liggaams-grootte wat die bul gaan teel, gee. Op die genetiese evaluasie-verslag sal die Groeiwaarde al hierdie waardes in 'n enkele waarde opsom, wat seleksie makliker maak. Uit Tabel 1 sal Bul 4 beste wees. Bul 3 is ook geskik, maar sy Geboortegewig teelwaarde-indeks is te laag. ('n Lae geboortegewig-indeks dui op 'n swaar kalf by geboorte, wat ongewens is). Bul 4 se geboortegewig en speengewig is baie beter as dié van Bul 3.

Bul 2: 'n Bul om op Bonsmara-stoetkoeie, wat geen spesifieke probleme het nie, te gebruik. Hulle sal die hele jaar op die veld wees. Die verskalwers sal as plaasvervangerkoeie in die trop gebruik word, of as sodanig verkoop word, terwyl die bulkalwers uit die beste koeie as stoetbulle verkoop sal word. 'n Bul met 'n gemiddelde of effens bogemiddelde groei sal ideaal wees. Weereens is die groei-teelwaardes belangrik; dit moet egter nie so hoog as moontlik wees nie, maar nader aan 100. Dit is nou belangrik om ook na Geboortegewig en Melk te kyk, asook die voortplantingsindekse OEK (Ouderdom by eerste kalf) en TKP (Tussenkalfperiode). Die Koei-waarde, wat al die belangrike teelwaardes in een waarde kombineer, sal 'n vinnige aanduiding gee van hoe geskik die dier is om koeie te teel. (OEK, TKP en die Koei-waarde is nie op die verkoopskatalogus nie, maar slegs in die genetiese evaluasie-verslag wat alle stoettelers jaarliks ontvang). Uit Tabel 1 sal beide Bulle 5 en 6 geskik wees, alhoewel Bul 6 die beter keuse is, aangesien Geboortegewig, Speengewig en Volwasse gewig baie gunstig is op 102, 109 en 90, wat op 'n kurweknakker dui, teenoor Bul 5 se 97, 100 en 105, wat dui op 'n bietjie te swaar by geboorte in verhouding tot die gemiddelde by speen en bogemiddelde by volwassenheid.

Bul 3: 'n Bul om te gebruik op verse wat gepaar word om op 2 jaar te kalf. Die bul moet dus nie 'n hoë teelwaarde vir geboortegewig hê nie, ten einde maklike kalwing te verseker. Die kalwers moet egter steeds winsgewend wees, dit wil sê met genoeg groei om óf aan die voerkraal verkoop te word óf om as vervangingsverse gebruik te word. 'n Bul met teelwaarde-indekse bo 100 vir beide Geboortegewig en Speengewig is ideaal. In Tabel 1, byvoorbeeld, sou Bul 2 die beste wees, as slegs op die beste waarde op Geboortegewig geselekteer word, maar hy teel klein kalwers met min groei. Bul 6 sal 'n veel beter keuse wees: hoewel sy Geboortegewig-indeks bogemiddeld (kleiner) is, is sy Speengewig ook bogemiddeld (swaarder), en hierdie kalwers kan in die kudde behou of verkoop word.

GEVOLGTREKKING

Soos uit die bogenoemde gesien kan word, is verskillende tipes bulle geskik vir verskillende tipes koeie en omstandighede. Dit is ook moontlik om 'n gepaste bul vir jou koeie te vind, met die doel om die kalwers te verbeter. Aangesien inteling ook so laag as moontlik gehou moet word, is dit gewoonlik makliker om 'n paringsprogram wat op teelwaardes gebaseer is, te gebruik om bulle by koeie te pas.